

# Verbruikers wil ál meer weet van waardeketting

Die Suid-Afrikaanse landboukommoditeitsmark ervaar stabiliteit danksy toegewyde plaaslike markdeelnemers. Hulle verdien erkenning vir hul bydrae tot voedselsekerheid, en nie net tot die beskikbaarheid van voedsel nie, maar ook tot die bekostigbaarheid daarvan.

Plaaslike markdeelnemers speel 'n belangrike rol om stabiliteit te verleen aan die plaaslike landboukommoditeitsmark en dié rol is onlangs opnuut by verskeie geleenthede beklemtoon.

Mnr. Kobus Truter van Absa het by 'n werksessie van die Graanhanteringsorganisasie van Suid-Afrika gesê die opbergingsektor is vanuit 'n finansieringsoogpunt 'n sektor met relatief lae risiko's. Die Covid-19-pandemie het egter in 2020 die risiko's in die graansektor aansienlik verhoog. Multinasionale ondernemings het groot verskansingsverliese gely. Die toename in risiko het gelei tot hoër risiko wat met die sektor verbind word. Dít kan weer lei tot hoër rentekoerse en verhoog die kompleksiteit waarmee transaksies vir finansieringsdoeleindes gestruktureer word.

Truter het sy dankbaarheid uitgespreek teenoor diegene wat 'n uitstekende en goed gestruktureerde landboukommoditeitsmark in Suid-Afrika bestuur. Internasionale markdeelnemers en finansiers verstaan nie die Suid-Afrikaanse mark nie en het nie begrip vir die wyse waarop die Suid-Afrikaanse mark gestruktureer is en hoe markdeelnemers mekaar daardeur ondersteun nie.

Truter het gesê markdeelnemers moet nooit toelaat dat die bedryf bevraagteken word wat die hoeveelheid en gehalte van graan betref nie. Die geloofwaardigheid van die stelsel moet nooit in gedrang kom nie, want sodra dit gebeur, sal die graanbedryf soos ons dit ken tot 'n einde kom. Só 'n situasie sal ook 'n gaping laat vir nuwe, vreemde toetreders tot die mark.

Mnr. Tony Esmeraldo van Corteva het klem gelê op die feit dat Suid-Afrika, vergeleke ander Afrikalande suid van die Sahara, die voortou neem wat voedselsekerheid betref. Die beskikbaarheid van voedsel in Suid-Afrika is egter ver ondergemiddeld vergeleke die 113 lande. Ten spyte hiervan vergelyk die bekostigbaarheid van voedsel in Suid-Afrika goed met die gemiddelde uit 113 lande wêreldwyd.

Die veiligheid en gehalte van voedsel in Suid-Afrika is weer ver bo die gemiddelde syfer vir die 113 lande, terwyl plaaslike, natuurlike hulpbronne met die wêreldgemiddelde vergelykbaar is (sien die TABELLE).

Suid-Afrika se voedselveiligheid is onder die beste ter wêreld. As die regering bykomende regulasies toepas om voedsel veiliger te probeer maak, sal dit waarskynlik nie 'n buitengewone bydrae lewer tot Suid-Afrika se indeks van voedselsekerheid nie. Die gevolmagtigdes wat die regering wil aanstel, gaan net bykomende koste tot die produksie van voedsel toevoeg as die planne onoordeelkundig en oorhaastig in werking gestel word.

Suid-Afrika se bekostigbaarheid van voedsel is, soos reeds genoem, gemiddeld vergeleke met 113 ander lande. Bykomende administratiewe laste en koste gaan dus nie veel daartoe bydra om Suid-Afrika se indeks van voedselsekerheid te verhoog nie. Dít is teenstrydig met uitsprake tydens die staatsrede en ondersteun nie die begrotingstoespraak se doelwitte nie.

Suid-Afrika moet eerder aandag gee aan die bekostigbaarheid van voedsel deur beleid te ondersteun wat werk skep, algehele produktiwiteit in die land bevorder en gevolglik die ekonomie laat groei, en meer geld in die verbruiker se beursie laat waarmee hy voedsel kan bekostig.

Mnr. Stephen Nicholson van Rabobank het onlangs gesê verbruikers wil meer weet oor die voedsel wat hulle verbruik en hoe dit volhoubaar deur waardekettings voorsien word. Hy verwag dat regulasies rakende voedsel wêreldwyd gaan toeneem, ondanks die bykomende koste en administratiewe las wat dit meebring. Europese banke moet reeds op regulasies rakende voedselsekerheid reageer en daaraan voldoen. Hy het gesê dit sal vinniger as verwag oorspoel na lande soos Amerika.

In teenstelling daarmee toon die inligting oor voedselsekerheid in die TABELLE dat Amerika se indeks van voedselsekerheid beter vertoon as dié in lande soos Duitsland. Moet dus nie onkant gevang word omdat jy dalk verkeerdelik dink verbruikers steur hulle nie aan hierdie indekse nie.

Al vergelyk Amerika se indeks van voedselsekerheid beter as dié van Duitsland, beteken dit nie noodwendig Amerika gaan verbruikers se behoeftes vryspring om meer te wil weet van die oorsprong van voedsel nie. Dit kan ook waar wees vir verbruikers in ander wêrelddele. **LBW**

*Mnr. Wessel Lemmer is hoofbestuurder van Agbiz Grain.*

**TABEL 1: SUID-AFRIKA SE VOEDSELSEKERHEID VERGELEKE MET 113 ANDER LANDE**

| | Duitsland | Amerika | Suid-Afrika (rangtelling) | Verandering in Suid-Afrika se indeks | Wêreld (telling vir 113 lande) | Suid-Afrika vergeleke 113 lande |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Algehele voedsel-sekerheidomgewing | 77,0 | 77,5 | 57,8 | -1,4 | 60,4 | -2,6 |
| Bekostigbaarheid | 87,7 | 87,8 | 63,1 | -5,5 | 65,9 | -2,8 |
| Beskikbaarheid | 71,6 | 72,2 | 49,5 | +0,5 | 57,3 | -7,8 |
| Veiligheid en gehalte | 91,3 | 94,3 | 72,4 | +1,4 | 67,6 | +4,8 |
| Natuurlike hulpbronne | 52,9 | 51,4 | 49,0 | +0,2 | 49,1 | -0,1 |

**TABEL 2: GEHALTE EN VEILIGE VOEDSEL**

| Gehalte en veiligheid | Duitsland | Amerika | Suid-Afrika (rang-indeks) | Verandering in Suid-Afrika se indeks | Wêreld (telling vir 113 lande) | Suid-Afrika vergeleke 113 lande |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Voedselveiligheid | 93,5 | 99,5 | 94,3 | +8,2 | 76,2 | +18,1 |

**BRONNE:** GLOBAL FOOD SECURITY INDEKS, THE ECONOMIST INTELLIGENCE UNIT.